RAPPORT, Bylae A
Sunday, 19 September 2010, p. 9

Zoeloe-boek ná 40 j. nuut

'n Bygewerkte *Oxford English-Zulu*-woordeboek is nou beskikbaar

Oxford, die universiteitsuitgewer, het vroeër die week sy nuwe *Zulu-English*-woordeboek bekend gestel.

Dit is sover hulle weet die eerste bywerking in vier dekades van een van Suid-Afrika se inheemse tale wat die wydste in die land gepraat word, sê me. Megan Hall, die uitgewersbestuurder vir Oxford in Suid-Afrika.

Sy sê die woordeboek is reeds die afgelope week op die rakke beskikbaar.

Volgens prof. Manie Groenewald, hoof van die departement Afrikatale-studies aan die Universiteit van Johannesburg, gebruik sy studente tans 'n woordeboek wat in 1969 gepubliseer is, asook een uit die 1930's. Hoewel die boeke herdruk is, is dit nie weer bygewerk nie, sê Groenewald.

Dit het gebruikers met 'n woordeboek gelaat waarvan die woordeskat uit die tydperk voor die dramatiese politieke en maatskaplike transformasie in Suid-Afrika ná die einde van apartheid in 1994 dateer. Volgens Hall sluit nuwe terminologie wat in die Zoeloe-Engels-woordeboek bygewerk is, begrippe in soos "werklikheidstelevisie", of in Zoeloe *izinhlelo zomabonakude eziliqiniso*.

Groenewald sê die universiteit het reeds 'n nuwe Oxford-woordeboek vir die departement bestel en sal dit waarskynlik vir studente wat volgende jaar Zoeloe neem, beskikbaar stel.

Zoeloe is een van Suid-Afrika se 11 amptelike tale, 'n hooftaal in die kusprovinsie van KwaZulu-Natal en naas Engels en Afrikaans een van die tale wat die algemeenste in die land se kommersiële hoofstad, Johannesburg, gepraat word.

Bron: www.uj.ac.za